



### *Drostyd is 'n Belewenis*

*Ons staan vir:*

*Respek, Liefde, Verantwoordelikheid & Trots*

28 Maart 2018

Geagte Ouers

#### **Uit die Hoof se Kantoor**

Ek wil elke persoon bedank wat hierdie kwartaal betrokke was by Drostyd vir die positiewe bydraes wat gelewer is. Die ouers wat die skool ondersteun in wat ons doen, die personeel vir ure se werk wat ingesit word om Drostyd nog 'n beter skool te maak en die leerders wat die skool se naam hoog hou. Drostyd is en bly 'n belewenis.

Baie geluk aan die toutrekkers en al die afrigters met hul puik prestasies op die SA's. Die beloning is slegs deur harde werk wat ingesit is.

Baie dankie aan die ouers wat die verkiesingsproses van die Beheerliggaam ondersteun het. Dit is belangrik dat die Beheerliggaam en die skool dieselfde visie het om gesamentlik die skool na nog hoër hoogtes te neem.

#### Die volgende ouers is verkies vir die Beheerliggaam:

Ds Louis Smith  
Ds Charl van Rensburg  
Mnr Renier Wium  
Mnr Rian Botha  
Mev Maurita Bothman  
Mnr Pieter Hartzenberg  
Mnr Koos Smit

Baie geluk aan die ouers wat verkies is en baie sterkte met u taak.

Ons het die afgelope tyd baie inligting uitgestuur oor die Beheerliggaam. Mnr Jacques Marais, die vorige Voorsitter, het in die vorige nuusbrief vir u inligting deurgegee oor die werksaamhede van die Beheerliggaam. Ek het ook vir mnr Johann Jordaan (Voorsitter voor mnr Jacques Marais) gevra om sekere aspekte uit te lig en sy ervaring as Voorsitter met u te deel. Ek plaas die onderstaande gedeelte vir u wat hy vir my gestuur het, sodat al ons ouers ingelig is oor die werksaamhede van die Beheerliggaam.

#### **Die Beheerliggaam moet 'n sterk toekomsvisie hê en met hulle kundigheid op verskeie terreine die skool ondersteun om daardie toekomsvisie te bereik in belang van die gemeenskap.**

- 1) Die Beheerliggaam moet die politieke en onderwyssituasie in Suid-Afrika, asook die wêreldneigings in die onderwys interpreteer en pro-aktief optree.
- 2) Die Beheerliggaam moet die samestelling van die personeelkorps met wysheid bestuur.
- 3) Die Beheerliggaam moet sterk finansiële leiding aan die skool gee.  
Die Beheerliggaam waak immers oor die verantwoordelike besteding van ouerfondse.  
'n Skoolhoof kan nie "alles" wees nie en 'n Beheerliggaam wat die skool sterk ondersteun op finansiële gebied maak die skoolhoof vry om sy bestuursrol op ander terreine goed uit te voer.
- 4) Die Beheerliggaam moet die skoolhoof sterk ondersteun ten opsigte van regs- en wetlike aangeleenthede.
- 5) Die Beheerliggaam moet vooruit dink ten opsigte van die skool se sport, kultuur, taal en kurrikulum.
- 6) Die Beheerliggaam moet waak oor die beeld van die skool in die gemeenskap en die skool vroeëtydig inlig van enige iets wat hulle in dié verband opmerk.

#### **Die heel belangrikste ding is dat die Beheerliggaam die regte plek in die skoollewe moet inneem.**

##### Die volgende is hier van toepassing:

- 1) Die Beheerliggaam is nie hiërargies bo die skoolhoof en die skoolbestuurspan nie, maar eerder langs hulle.  
Die Beheerliggaam en die skoolbestuurspan is soos twee strome wat saamkom en een rivier word.  
As dit goed werk, is daar vloei en almal trek in een rigting.
- 2) Die Beheerliggaam moet die professionaliteit van onderwysers respekteer en hulle die geleentheid gun om binne hulle professionele ruimte te werk sonder onnodige inmenging van buite.  
Hier speel die Voorsitter 'n belangrike rol - as daar iets is wat nie reg lyk nie, het hy/sy direkte toegang tot die skoolhoof en sake kan so bespreek en gehanteer word.  
Die personeelkorps moet altyd die gevoel hê dat die Beheerliggaam daar is ter ondersteuning en nie vir inspeksie nie.
- 3) Onderwysers het baie mense om aan verantwoording te doen - die WKOD, ouers, gemeenskap en selfs die kinders hou hulle dop en stel eise.  
Dit is dus die rol van die Beheerliggaam om die personeel se las te probeer verlig en dit nie swaarder te maak nie.  
Die Beheerliggaam is "groter as" die gemiddelde mens in die ouergemeenskap - soms is dit dus ook hulle rol om 'n buffer te wees en sake met volwassenheid te hanteer en so die personeel te beskerm.
- 4) Die Beheerliggaam dien die skool én die gemeenskap, dus moet enige iets wat die skool skade kan aandoen, onmiddellik hanteer word.  
Goed soos beweerde onreëlmatigheid en onetiese gedrag moet dus dadelik ondersoek en opgelos word - en dan moet daar aanbeweeg word.
- 5) Die Beheerliggaam moet die onderskeid tussen bestuur en beheer goed verstaan.  
Bestuur het te doen met die dag tot dag besluite ten opsigte van die suksesvolle "bedryf" van die skool.

Beheer het te doen met beleidsbepaling en rigtinggewing (die skoolhoof en skoolbestuur kan baie help om dit te verduidelik).

Die skoolhoof en personeel is nie aan die Beheerliggaam verantwoordelik vir bestuursake nie, maar wel aan hulle werkgever, die WKOD.

Terwyl dit uiters belangrik is dat die Beheerliggaam saam met die skool werk ten opsigte van produktiwiteit, personeelsake, dissipline, finansiële kontrole ensovoorts, is die hantering van dag tot dag bestuursake die skoolhoof en bestuurspan se verantwoordelikheid.

Die Beheerliggaam moet waak om nie hierdie grens tussen beheer en bestuur oor te steek nie.

6) Die Beheerliggaam moet nooit 'n forum vir klagtes vanaf die ouergemeenskap word nie.

Hoewel hulle 'n spreekbuis vir die ouers is en ook soms klagtes aanhoor en hanteer, is dit minder as 5% van hulle werk.

Hulle moet so sterk vorentoe kyk en trek dat die negatiewe goed hulle nie kan terughou nie.

Die Beheerliggaam moet dus altyd positiewe energie bring, selfs in negatiewe situasies.

7) Die Beheerliggaam is dienaars van die skool - daar is geen plek vir eiebelang by iemand in hierdie rol nie.

**Mnr Johann Jordaan**

Gun my dan ook die geleentheid om ons vorige Beheerliggaam te bedank vir die ongelooflike werk wat hulle gedoen het vir die skool. Ons as personeel, ouers en leerders waardeer die werk wat u ingesit het terwyl u nie 'n sent ontvang het vir hierdie dienste gelewer nie. Mag hierdie belewenis saam met u wees en nog vir lank onthou word.

Die vordering met die Astro-hokkieveld is weer sterk op dreef nadat die Stadsraad ons aanvanklik nie wou laat aangaan het nie. Die probleem wat daar was met die rioolpyp is nou opgelos. Ons gaan nog met u kommunikeer in verband met die inwyding van die veld, omrede die oponthoud ons dalk 'n week laat kan maak met die in gebruik neem van die veld.

Ek wil graag 'n beroep doen op alle ouers wat by "My School" geregistreer is om tog gebruik te maak van u kaart in die vakansie. Deur die kaart te gebruik, samel ons fondse vir die skool in, sonder dat ons dit eers agterkom.

Ek wil elke ouer bedank wat hulle finansiële verpligting ten opsigte van die skool nakom. Ongelukkig is daar ouers wie se skoolgelde reeds agter is vir 2018. Ons wil 'n beroep op al die ouers doen om asseblief dié verpligting na te kom, anders kan ons nie handhaaf soos wat verwag word nie. Ons wil ook nie in die bondel praat nie, daarom het ons tydens die finansiële vergadering besluit om agterstallige skoolfonds, sowel as koshuisgeld te oorhandig. Baie dankie nogmaals vir ouers wat verstaan dat hierdie 'n belangrike verpligting is.

#### **Koshuisaangeleentheid**

Baie dankie aan die ouers wat verstaan dat ons die koshuise gedurende vakansies en oor langnaweke gebruik om buite persone te huisves. Die netbalkliniek begin wanneer die skool sluit en die koshuise word dan deur dogters beset.

Gedurende die langnaweke in die begin van Mei 2018 gebruik ons die koshuise vir huisvesting vir 'n kerkgroep en dan vra ons weer dat leerders die koshuise moet ontruim. Met hierdie poging vul ons ook die fondse aan by die skool.

Ons het weer in die kwartaal 'n audit gehad vir ons voedsel- en diensverskaffing by die koshuise. Ons wil u verseker dat die terugvoer baie goed was. Ons wil ook vir ouers vra dat indien daar navrae is oor die kos, u gerus die skool kan kontak. Die rede hiervoor is dat ons vir u eerstehandse terugvoer kan gee. Daar word met elke ete voorbeelde (foto's) van die borde kos geneem wat voorgesit word. U kind mag dalk by u kla, maar u weet dalk net nie wat alles voorberei is nie, so neem asseblief die vrymoedigheid om die skool direk te skakel.

#### **Belewenisweek (Donderdag 12 April 2018 - Saterdag 14 April 2018)**

Ons is baie bevoorreg om hierdie jaar 'n besondere geleentheid vir ons seuns en dogters te gee tydens die Belewenisweek. Donderdag 12 April 2018 is dit die seuns- en dogtersaand. Die gaskunstenaar wat gaan optree by die seuns is Joe Black en by die dogters is dit Leah. Die doel van hierdie aand is om aan ons kinders die blootstelling te gee om waardes rondom man- en vrouwees te beleef. Die Bestuurskomitee en die VRL het die onderstaande uitnodigings ontvang. Hulle nooi dan elk nege gaste om aan hulle tafel te sit. Die tema is "*ONS IS GEMAAK OM UIT TE GAAN*".

*Liewe Jongman*

*Jy speel 'n groot rol in hierdie wêreld. Jy's die rolmodel waarna jonger seuns opkyk. Die steunpilaar wat besig is om gevorm te word vir jou vrou eendag en die jongman wat ander jongmanne soos jy beïnvloed. Ons besef dit, daarom word jy uitgenooi na die seuns-aand (Belewenisweek) waar ons jongmanne soos jy wil inspireer om uit te gaan in hierdie wêreld om waardevolle dade te doen wat werklik 'n verskil sal maak in ons samelewing. Jy maak alreeds 'n verskil en ons sien dit raak.*

*Hi Mooie Dame*

*Vir jou wil ek sê dankie. Jy is 'n belewenis, daarom word jy uitgenooi na die jaarlikse Belewenisweek. Ons sien uit om JOU daar te hê as gasvrou. Ons wil graag vir jou die geleentheid gee om nege metgeselle uit te nooi om saam met jou aan tafel te sit. Ons daag jou uit om die "gasvrou"-rol te vervul, aangesien ons aan die einde van die aand "gasvrou van die aand" gaan aankondig.*

Op Vrydag 13 April 2018 word al die ma's en volwasse dames van die skool getrakteer deur die "Dinamiese Dames" se optrede. Saterdag 14 April 2018 is daar 'n oggendtee vir die bejaarde dames (ouma's) waar hulle bederf gaan word terwyl die wintersport plaasvind op ons sportgronde teen Oakdale en Hoërskool Langenhoven. Dit is voorwaar 'n geleentheid om na uit te sien. Ouers kan gerus die skool skakel vir verblyf vir die naweek in ons gastekamers.

#### **Uit die Finansiële Kantoor**

##### **Betaling van Skoolgeld & Koshuisgeld**

Ons wil opreg dankie sê aan ons ouers wat getrou hul finansiële verpligtinge teenoor die skool en koshuis nakom. Dit stel die skool in staat om steeds gehalte onderrig en gerieflike koshuisinwoning aan ons leerders te bied. Sonder ouers se volle ondersteuning sal die skool nie in staat wees om bykomende personeel in diens te neem en noodsaaklike onderhoud en instandhouding te doen nie.

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om asseblief hul finansiële verpligtinge teenoor die skool en koshuis na te kom en nie te wag totdat hulle rekeninge ontvang nie.

**Skoolgeld en koshuisgeld is streng vooruitbetaalbaar. Indien koshuisgeld nie teen Saterdag 31 Maart 2018 op datum betaal is nie, word die uitstaande bedrag, sonder verdere kennisgewing, aan ons prokureur vir invordering oorhandig en word koshuisinwoning opgeskort (tensy 'n aanvaarbare skriftelike reëling reeds in plek is). Die kostes verbonde aan die prokureur is vir u rekening.** Ons maak staat op ouers se samewerking in hierdie verband.

Heffings ten opsigte van skoolgeld en koshuisgeld word op die eerste van elke maand gevoer, aangesien skoolgeld en koshuisgeld, volgens die Onderwyswet, vooruitbetaalbaar is. Daar word egter aan ouers die vergunning gegee om maandeliks of kwartaalliks te betaal. Ons herinner ouers vriendelik op 'n gereelde basis, hetsy per telefoon, e-pos of sms aan die geld wat betaalbaar is. Geen debietorder of reëlings is vir die skool 'n waarborg nie en daarom neem ons die vrymoedigheid om ons ouers ten opsigte van die gelde wat betaalbaar is, op hoogte te hou.

Rekeningstate word maandeliks aan ouers gestuur. Indien u nie 'n rekeningstaat ontvang het nie, kontak asseblief vir mev Annalize Thiant en bring dit onder haar aandag - dit is dus nie 'n geldige rede om nie u skoolgeld en/of losiesgeld te betaal nie.

Bewyse van ALLE inbetalings moet SLEGS aan mev Annalize Thiant (debiteure2@htsdrostdy.co.za) gestuur word.

**Gebruik asseblief die korrekte verwysing met inbetalings (u kind se toelatingsnommer en waarvoor die inbetaling gemaak word), anders gaan onself die inbetaling na ons goëddunke toewys.**

**Aansoek om Kwytstelling van Skoolgeld**

Ouers bly aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld totdat kwytstelling, volgens die WKOD se riglyne, aan die betrokke ouer(s) toegestaan word.

Indien u aansoek om vrystelling van skoolgeld gedoen het en nog niks van die skool verneem het nie, kontak asseblief dringend vir mev Annalize Thiant.

**1. Oueraand (Maandag 16 April 2018)**

Ouers moet asseblief 'n afspraak maak by mev Lina Visser (Algemene Kantoor) vir elke opvoeder wat u graag wil spreek. Afsprake kan vanaf Woensdag 11 April 2018 gemaak word. Rapporte word eers op Vrydag 13 April 2018 aan die leerders gegee, maar die leerders het egter dan reeds hul punte by hul verskillende opvoeders gekry.

Datum: Maandag 16 April 2018

Tyd: Graad 8 & Graad 9 (17:00 - 18:00) & Graad 10 - Graad 12 (18:00 - 19:00)

Plek: HTS Drostdy (Skoolsaal)

Indien u op vakansie gaan gedurende Paasaweek, wens ons u 'n veilige reis toe en glo ons dat hierdie rustydperk ook vir u geseënd sal wees.

Geniet die vakansie met die kinders by die huis.

Vriendelike Drostdygroete

**HOOF & PERSONEEL**